

7 Desember

Skrifgedeelte: Romeine 13:8-14
Fokusgedeelte: Romeine 13:11-12

Met slaapklere aan in Adventstyd?

"Julle wéét hoe laat dit al is!" Dis of ons fokusverse dit sommer so vanselfsprekend ten opsigte van ons elkeen aanvaar. Maar ís dit regtig so? Weet ek en jy werklik hoe laat dit al is – volgens God se tydsberekening natuurlik? Wel, die toets of dit so is sal uit die praktyk van ons daaglikse lewe moet blyk.

Dis opstaantyd! Dis amper dag! Die nag is byna verby! Sien jy deur die geloof die môreskemering van God se nuwe dag breek? Die eerste koms van ons Here Jesus Christus was die begin van die advent of koms van God se ewige dag. Immers, Sagaria sing in sy lied al: "Soos die môreson sal Hy opgaan en uit die hoogte op ons afstraal, om lig te bring aan dié wat in duisternis en in die skaduwee van die dood lewe" (Luk 1:78-79).

Indien jy nou nóg in jou geestelike slaapklere rondloop kan jy maar duisend keer sê jy is byderwets, maar intussen is jy hopeloos "agter die tyd". Die nag waarin mense leef in liefdeloosheid, wanhoop, losbandigheid, behoort aan die verlede. Wees 'n eietydse mens, 'n "nou-mens". Trek uit jou nagklere! Trek jou môreklere aan. Veg met God se ligwapens teen die skadu's van gister se nag wat nog in jou en in die wêreld rondhang. Trek die Here Jesus Christus self aan!

Sing: Skrifberyming 7-2:2

Dr. PP Kruger (Meyerspark)